

Woensdag 22 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:28; Romeine 1:1-7

Die eerste Geestesgawe: Apostels

Paulus was as Saulus en Paulus bekend. Saulus was sy Joodse naam om sy godsdienst en die geslag waaruit hy gebore is, aan te dui. Die naam Paulus dui op die menslike reg wat hy verwerf het om 'n Romeine burger te wees.

Hy noem homself 'n dienskneg van Christus Jesus. Daarmee stel hy die hoofsaak van sy lewe op die voorgrond. Om sy dienskneg-wees te verklaar, sê hy dat hy 'n geroepe apostel is, afgesonder vir die evangelie van God. Daarin gaan sy hele lewe op – om 'n dienskneg van Koning Jesus te wees en die blye boodskap van sy verdienste aan die kruis en sy opstanding oor die wêreld te verkondig.

Paulus noem homself 'n geroepe apostel. Hy is 'n apostel omdat Hy deur die Here Jesus geroep is as 'n uitverkore werktuig om die evangelie te verkondig. Om deel van die 12 dissipels te kon wees, moes iemand 'n oor- en ooggetuie wees van alles wat die Here Jesus gedoen en gesê het – vandat Hy in die openbaar begin optree het, sy kruisiging en opstanding, totdat Hy in die hemel opgeneem is. Hierdie dissipels word apostels as die Here van hulle uit-gestuurdes maak om sy evangelie aan die wêreld te verkondig.

As apostel is hy nie kragtens sy amp aan 'n gemeente verbonde nie, want hy (en die ander) is geroep om die fondament van die kerk te lê. Op grond van hulle verkondiging kom die kerk tot stand. Op grond van hulle verkondiging van die evangelie roep die Heilige Gees mense om in God en sy Seun Jesus Christus te glo. Die Heilige Gees laat daardie mense weergebore word om in Jesus Christus te kan glo. Op grond van die evangelie wat geglo word, werk die Heilige Gees in die nuwe hart en daarmee bou Hy die kerk op die rots van Petrus se belydenis.

Uit daardie huis wat op die rots gebou is, groei die kerk deur gelowiges byeen te bring in gemeentes wat elkeen volwaardig kerk is. Daaruit groei en bloei die ampte van profete, leraars, evangeliste, ouderlinge en diakens.

God se uitverkorenes onder die geklank van die heerlike evangelie!

Sing: Psalm 33:11 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)